

KOMMUNIKAMMA 19 JULIE 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK

Ps 63: 7 – 9

“As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: U is vir my ‘n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder U vleuels. Ek bly altyd naby U, U hand ondersteun my.”

SAKE VIR GEBED:

- Dankie aan ons Vader wat vir ons milde reën gestuur het. Ons glo dat Hy op Sy tyd nog reën oor ons opvangsgebiede sal stuur.
- Ons lewe in ongekende tye en ons verneem dat die Covid-19 Pandemie nog nie sy toppunt in Suid-Afrika bereik het nie. In ons gemeente is verskeie mense platgetrek. Ons bid ernstig vir almal wat siek is en pleit dat die Here hulle volkome sal genees. Ons weet dat Jesus, ons groot geneesheer, Sy helende hande uitgestrek oor ons hou.
- Die hospitale en veral die personeel is onder groot druk in Port Elizabeth en die res van die land. Dokters en die verpleegpersoneel is baie moeg. Ons is so dankbaar vir die wonderlike werk wat hulle onder die uiters moeilike omstandighede verrig.
- Die onus rus op elkeen van ons, klein en groot, oud en jonk om verantwoordelik te wees en onself sover as moontlik te beskerm teen die siekte.
- Piet en Sonja Spies is nog glad nie gesond nie. Dink aan hulle.
- Frans Stapelberg se broer, Johan, sterk goed aan.
- Judy en Sam Hattingh se skoondogter is oorlede.
- Van ons ouer mense kry baie swaar om so eensaam en afgesonder te wees. Baie van hulle het nie die nodige tegnologie om kontak te maak nie. Bid vir hulle en bel hulle.
- Van ons kinders, van die heel kleintjies tot die studente, verkeer onder geweldige emosionele druk. Dit is te verstane, maar ook kommerwekkend. Bid veral vir hul geestesgesondheid.
- Afdankings en werksverliese a.g.v. die omstandighede neem baie groot afmetings aan. Dit lei tot allerhande ander probleme. Baie mense is nou dakloos met families waarvoor gesorg moet word. Die nood is baie groot.
- Baie dankie aan almal wat die Voedselprojek ondersteun. Dit word baie waardeer. Dankie ook vir die klere, komberse, ens wat u skenk. Deur u oop harte en hande kan gemeentes wat in nood verkeer gehelp word.
- Ons president en regering moet baie moeilike besluite neem. Bid dat hul Spr.3:5&6 sal toepas en dat God daardeur verheerlik sal word.
- Ons sendelinge werk nog steeds baie hard om God se koninkryk uit te brei. Dankie aan almal wat so getrou vir hulle bid.

There4-bedieninge se gebedsverzoek vir die week:

Die doop in **Mauritania** kan slegs in die geheim plaasvind en baie nuwe bekeerlinge is huiwerig om gedoop te word, uit vrees dat hulle nuutgevonde geloof openbaar gemaak sal word en dat hulle dan aangekla sal word van afvalligheid. Bid vir moed vir nuwe gelowiges.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word indien dit nodig is. Alternatiewe maniere van bediening sal ondersoek word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 19 Julie

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 21 Julie

Ons Bybelstudiegroep begin met 'n nuwe boek, Deon Loots se: Net een ding is noodsaaklik. Ons zoom Dinsdae van 2 tot 3 nm vir Bybelstudie. Ons kan ook 2.30 of 3 uur begin. Laat weet as enige iemand by ons wil aansluit of dalk net die boek wil hê. Ons zoom al te lekker saam. (Elizma Harmse – 083 940 5617)

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Aflaai van voedselhulp aan PE-Noord. Kyk aankondiging hieronder.

Woensdag 22 Julie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR

Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Vrydag 24 Julie

MANNEGROEP

05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Watsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 19 Julie Theresia Els en Frederik von Mollendorf
- 20 Julie Elandré Bosch en Igor Coetzer
- 21 Julie Sarel Lombard, Ronelle Niit, Louis Roux, Adelé Saunders en Marti-Mari Sharp
- 22 Julie Marita Langenhoven en Ronel van der Colff
- 23 Julie Pieter Lafras Aylward, Frans Janse van Rensburg en Mariette Pretorius
- 24 Julie Hanru Bakkes, Magda du Plessis, Jaco Kotze en Abrie Nortjé
- 25 Julie Joubert Nell, Elize van den Berg en Justin Wilken



OUERSKAP GIDS

Magda van Solms van die CMR skryf: Ons is nou gereed met die Zoom sessies oor ouerskap en ons is baie opgewonde daarvoor. Marie Gouws gaan die sessies aanbied. Sy is 'n baie ervare maatskaplike werker wat spesifiek net ouerleidingsgroepe fasiliteer.

Daar word twee sessies beplan, die eerste spesifiek gerig op die ouers met hul vroeë en vrese en die tweede tov die kinders. Die sessies gaan ongeveer 2 ure duur en gaan per ZOOM aangebied word. Dit is vir ouers met kinders van enige ouderdom. Indien die groeplede Afrikaans is, gaan dit in Afrikaans aangebied word.

Datums :

Tema: Covid-19 & parents

- Saterdag 25 Julie 2020 12:00 – 14:00

Tema: Covid -19 & children

- Saterdag 1 Augustus 2020 12:00 – 14:00

Persone wat graag wil inskakel by die sessies moet bevestig by Marie Gouws – parenting@cmrpe.co.za / 079 865 9970. Kontak ook met haar vir 'n inskrywingsvorm. Die ZOOM sessies word gratis aangebied. Die "skakel" sal voorsien word sodra die inskrywing ontvang is. Ons is werklik baie opgewonde daarvoor dat ons op hierdie wyse ons ouers kan onderteun in hierdie baie vreemde en veeleisende tye.

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening"). Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 8 Julie is reeds R 82 550.00 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Ds MG (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

DANKOFFER

Die eerste 4 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van SnpScan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentedelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentedelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.

Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting verskyn in die weeklikse Kommunikamma.

Conrad Pienaar van CHS Training bied die volgende dienste aan:

- Veiligheid en gesondheid dienste rakende nakoming van wetgewing soos byvoorbeeld - COVID19 werksplek gereedheid
- Veiligheid en gesondheid opleiding soos basiese brandbestryding, COVID19, noodhulp, veiligheid ens.
- Mediese evalueering en COVID19 werksplek sifting ens.

Kontak: conrad@chstraining.co.za of 060 587 5606.

Cornel Strydom van Debt Review Centre

Cornel bied die volgende dienste gratis aan alla gemeentedelede aan:

1. Persoonlike Krediteure

Hier help ons individue met hulle persoonlike skuld. Daar is verskeie opsies tot hulle beskikking waarmee ons hulle kan adviseur. Dit strek vanaf self-help vir korttermyn probleme tot skuldberading vir die meer ernstige gevalle. Ons sal eers met die persoon elektronies of telefonies konsulteer om beter begrip te kry van hulle huidige finansiële posisie waarna ons hulle beter kan adviseur. Sou hulle meer inligting wil kry oor ons firma of ons dienste is hulle welkom om ons webwerf www.debtreviewcentre.co.za te besoek.

Anders kan hulle my kontak op 082 460 2049 of cornel@debtreviewcentre.co.za sou hulle enige advies nodig het.

Daar is geen kostes verbonde hieraan nie aangesien hierdie deel vorm van ons gemeenskap ondersteuningsprojek vir die jaar.

2. Besighede / Besigheidseienaars

Ons verleen ook hulp aan besighede. Daar is verskeie opsies vir besighede om hulle krediteure onder beheer te hou gedurende hierdie moeilike tyd. Ons dienste strek vanaf tussentydse finansiële konsultant tot formele besighedsredding. Voor ons kan advies lewer konsulteer ons met die kliënt elektronies of telefonies om die besigheid se posisie te bepaal, waarna ons vir hulle advies kan lewer.

Crisis On Call, Ernie Deyzel

Ons praat namens jou wanneer jy nie kan nie. Al jou mediese- en persoonlike inligting word op ons databasis gestoor. Ons bied ook padbystand en reismonitering.

Vir meer besonderhede, stuur SMS met (EPE, jou naam en e-posadres) na 48950, of stuur whatsapp na: Ernie Deyzel, 0828012444.



Wednesday dinner:

- *gammon with roast potatoes, rice and veggies @ R60
- *cheesy caulibroc *sweet carrots
- Butternut soup 500ml R20(freezes well)
- Cinnamon dumplings R10



marula and cream
R150

strawberry yogurt
R50

baked apple tart
R70

milk tart
R30



0723332207



Vrydag ete:
boerie rol R15
sosatie rol R20
basaar poeding R10

Heerlike Lockdown Etes!
Plaas asb. bestelling die aand
voor die tyd
Klaar gaar etes of terte word in
Framesby opgelaai.
Kontak Adelé vir bestellings en
navrae.
Adelé - 0723332207

Bellathea Velsorgprodukte

Ons reekds word geïnspireer deur 'n gesonder leefstyl en natuurlike velsorgprodukte, wat bekostigbaar is vir almal.

Kontak besonderhede:

Cherie Kruger

Bellathea (Pty) Ltd

1 Glenwood Avenue, George, 6529

Email: cherie@bellathea.co.za

Web: www.bellathea.co.za

Cell: 0814937922



Annique Gesondheids-, Velsorg- en Leefstylprodukte

Anniqueprodukte is alom bekend vir die rooibostee wat in al hulle produkte voorkom.

Vir velsorg, gesondheid of leefstyl navrae kontak my gerus.

Kontak besonderhede:

Niekie Oosthuizen

082 561 8747

loosthuizen@axxess.co.za

Niekie Oosthuizen
Tel: 082 561 8747
E-pos: loosthuizen@axxess.co.za

Annique
HEALTH AND BEAUTY

Onafhanklike Konsultant

Ons skep lewensveranderende geleenthede elke dag!